2017/12/04
09:03 AM

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

	DATUM 2017/12/04	DATUM 2017/12/01			+ - WEEK GELEDE 2017/11/27		+ - MAAND GELEDE 2017/11/06		+ - JAAR GELEDE 2016/12/05	
	Data	Δ	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*
Brent ($/b)	63.74	1.09	1.7%	62.65	-0.1%	63.82	2.0%	62.47	16.9%	54.52
US$: ? ZAR	13.77	0.050	0.4%	13.72	-2.3%	14.09	-3.0%	14.20	-0.1%	13.78
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 1 864.81	19	1.0%	R 1 845.89	* CBOT Dec sent/skepel +-08:00 vandag vs CBOT Mielies Dec +-12:00 die vorige dag					
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 2 094.68	32	1.5%	R 2 063.13	*CBOT Dec sent/skepel +-08:00 vandag vs CBOT Koring Dec +-12:00 die vorige dag					
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 5 029.25	60	1.2%	R 4 969.40	*CBOT Nov sent/skepel +-08:00 vandag vs CBOT Soy Nov +-12:00 die vorige dag					
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)										
Corn Dec '17	344.00	2.25	0.7%	341.75	1%	342.00	-1%	348.00	-12%	389.25
Wheat Dec '17	414.00	4.75	1.2%	409.25	0%	414.00	-3%	425.00	-11%	466.00
Soybean Jan '18	994.00	8.25	0.8%	985.75	0%	995.00	0%	994.00	-3%	1024.50
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton)										
SORGHUM Dec '17	2620	0	0.0%	2620	0.0%	2620	2.7%	2550	-26.6%	3570
WMAZ SPOT	1879	-3	-0.2%	1882	-5.6%	1990	-6.6%	2011	-54.5%	4130
WMAZ Jul '18	2043	-4	-0.2%	2047	-4.7%	2144	-5.6%	2165	-19.6%	2542
YMAZ SPOT	1988	3	0.2%	1985	-5.5%	2103	-5.3%	2100	-38.5%	3232
YMAZ Jul '18	2128	9	0.4%	2119	-3.8%	2212	-4.7%	2234	-15.1%	2506
SOY 50 SPOT	4847	5	0.1%	4842	-5.4%	5124	-1.5%	4923	-26.0%	6550
SOY May '18	5034	-7	-0.1%	5041	-4.7%	5281	-1.6%	5114	-19.1%	6220
SUN SPOT	4401	-57	-1.3%	4458	-7.1%	4737	-3.6%	4566	-25.5%	5910
SUN May '18	4562	-60	-1.3%	4622	-7.3%	4919	-5.1%	4805	-24.6%	6050
WHEAT Dec '17	4080	-12	-0.3%	4092	-2.9%	4200	-2.8%	4196	5.9%	3853
WHEAT Mar '17	4196	-11	-0.3%	4207	-2.2%	4290	-0.6%	4221	5.0%	3995
OLIESADE	2017/12/01	Bron: Oilworld			2017/11/24		May 2017		June 2015	
Soya-oil, Arg.	774				0%	777	1%	769	14%	676
Soya-pell, Arg.	338				0%	337	0%	339	-8%	368
Soybean, Brazil	420				0%	422	2%	410	2%	410
USA Runner 40/50	1250				0%	1250	-22%	1600	-4%	1300
Sun-oil, Arg.	765				1%	760	1%	755	-4%	800
Sun-oil, Black Sea	762				0%	760	2%	750	2%	750
Sunseed,Black Sea	368				-1%	370	-8%	400	-10%	409
Rapeseed, EU cif	440				0%	440	4%	425	10%	399
Palmk oil Mal, EU	1405				-1%	1420	-4%	1470	35%	1037
JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE										

Sojabone: Die weerstoestande in Suid Amerika is besig om al hoe meer van ’n bekommernis te raak vir die seisoen se produksie van grane en oliesade met die toestande wat steeds meestal droog en ongunstig is vir die produksie ontwikkeling en dit moontlik ’n groter as verwagte negatiewe impak op die opbrengste kan hê. Goeie reënval sal baie noodsaaklik wees om in die volgende paar weke en tot in Januarie/Februarie 2018 voor te kom oor groot gedeeltes van beide Brasilië en Argentinië se produksiegebiede. Met die sojabone wat meestal klaar gestroop is in die VSA sal die hoof fokus in die mark na die vraag kant van die mark toe skuif wat hoofsaaklik die tempo van uitvoere sal wees. Die Amerikaanse jaar tot datum sojaboon uitvoere is aansienlik laer as dieselfde tydperk van die vorige seisoen terwyl die Suid Amerikaanse sojaboon uitvoere aansienlik toegeneem gedurende hierdie seisoen vanaf die vorige seisoen se uitvoere. Die verwagtinge is die mark is dat die Amerikaanse uitvoere in die volgende paar maande weer aansienlik behoort toe te neem en redelik hoog te wees gedurende 2018 met die produksie onsekerhede wat heers in Suid Amerika. Die VSA se sojaboonpryse is ook nou weer besig om meer kompeterend te raak met die Suid Amerikaanse pryse en dus kan daar moontlik meer uitvoere vanaf die VSA gedoen word. Die verwagting dat die Suid Amerikaanse nuwe seisoen voorrade moontlik eers later in die mark beskikbaar sal wees as gevolg van die laat seisoen sal ook die Amerikaanse uitvoere ondersteun. Die uitvoerbare voorraad van sojaboon olie in Brasilië word ook verwag om laer te wees gedurende 2018 ten spyte van die hoër verwagte verwerking van sojabone. Dit is as gevolg van die toename in die vraag na sojaboon olie en hoër bio-diesel produksie wat in Brasilië verwag word. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark was verlede week hoofsaaklik onder druk gewees en het Vrydag laer afgesluit vir die week. Die mark was die vorige twee weke baie volatiel gewees en het groot prysbewegings getoon. Volgens die nuutste maandelikse SAGIS verslag het die hoeveelheid sojabone wat gepers was vir olie en oliekoek gedurende Oktober met ongeveer 18 000 ton gedaal tot en met 63 402 ton vanaf die 81 192 ton wat in September gepers was vir olie en oliekoek. Die sojaboon voorraadvlakke wat beskikbaar was einde Oktober was op 694 681 ton gerapporteer was ongeveer 115.7% hoër is as dieselfde tyd verlede seisoen toe die voorraadvlakke op 322 005 ton gerapporteer was.

Sonneblom saad: Die verbruik van sonneblomsaad meel in die Europese Unie het nuwe hoogtepunte bereik verlede seisoen en was ongeveer 13% hoër as die vorige jaar se verbruik. Ongeveer die helfte van die groei in die verbruik van die sonneblomsaad meel was verkry vanaf die goeie groei van invoere wat gesien was na die EU. Die EU rapporteer steeds groot hoeveelhede sonneblomsaad meel vir hierdie seisoen. Daar is ook steeds in die internasionale konteks ’n goeie groei in die vraag na sonneblom olie hoofsaaklik as gevolg van die ander groente olies wat se voorrade redelik laag is internasionaal. In Argentinië het die droë en ongunstige weer ook ’n negatiewe impak op die sonneblomsaad produksie met die lae grondvog as gevolg van onder normale reënval die afgelope twee maande wat ongunstig is vir die opbrengs potensiaal daar. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week hoofsaaklik laer verhandel en het onder druk gekom om die week laer af te sluit Vrydag. In die nuutste maandelikse SAGIS verslag was die hoeveelheid sonneblomme wat vir olie en oliekoek gepers was gedurende Oktober op 94 500 ton gerapporteer hoër as die 84 375 ton wat gedurende September gepers was vir olie en oliekoek. Die beskikbare sonneblomsaad voorraad einde Oktober van 465 032 ton was ongeveer 27.7% hoër as dieselfde tyd van die seisoen verlede jaar.

Kanola: Die kanola verwerking in Kanada het in Oktober ’n nuwe hoogtepunt van ongeveer 871 000 ton bereik wat ongeveer 16% hoër is as die verwerkings van die vorige maand en ongeveer 8% hoër as die verwerkings van ’n jaar gelede. Die voorlopige handelsdata het ook bevestig dat die rekord kanola uitvoere plaasgevind het vanaf Kanada gedurende Oktober. Die kanola invoere na Japan het toegeneem tot en met ’n 4 maande hoogtepunt gedurende Oktober met die grootste toename in die groei wat hoofsaaklik vanaf Kanada verkry was. **Plaaslik:** Die plaaslike kanola produksie het ook swaar gebuk gegaan onder die droë toestande wat heers in die Weskaap. Die NOK het in verlede week se produksie skatting die kanola produksie vir die seisoen ongeveer 4.17% laer aangepas tot en met 96 600 ton vanaf die vorige skatting se 100 800 ton.

Grondbone: Die grondboon aanplantings in Argentinië het die afgelope tyd goed gevorder, maar die droë weersomstandighede in Argentinië plaas ook nou druk op die res van die aanplantings van die grondbone daar asook die produksietoestande vir die jong plante. **Plaaslik:** Plaaslik het die grondboon aanplantings tot dusver goed gevorder en die grondbone wat reeds aangeplant is lyk goed in sommige gedeeltes van die land. Die weer sal egter ‘n kritieke punt wees wat dopgehou sal word deur die loop van die seisoen.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos**: luan@grainsa.co.za**

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.